Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# Die O.B.

Jrg. 10. Kaapstad, 26 September 1951. Prys 3d. Nr. 41.

# ORGANISASIE IS NODIG OM REPUBLIEK TE BRING

**Die republiek is verlede week op die Transvaalse kongres van die H.N.P. deur die leiers ter sprake gebring en veral mnr. J. G. Strydom, Transvaalse leier, se uitdruklike standpunt dat hy die weg van Ierland wil volg, sal deur republikeine verwelkom word. Mnr. Strydom het ontken dat die party van sy republikeinse koers afgewyk het en gesê:**

**„Ons sal nie 'n duim afwyk van ons republikeinse doelstelling nie. Ons het ons program van beginsels waarin die republikeinse doelstelling neergelê word. Ons het oor en oor gesê dat ons nie haastig wil wees om daardie doel te bereik nie. Stap vir stap, soos Ierland gedoen het, beweeg ons in die rigting van 'n republiek en op daardie pad het ons reeds ver gevorder."**

**Die hoofleier van die party, dr. D. F. Malan, het gesê dat die Britse optrede die koms van 'n republiek aanhelp net soos die optrede van Brittanje tot die Groot Trek en die noordelike republieke gelei het. Ons hoef nie moeite te doen om die Afrikaners republikeins te maak nie, aangesien hulle wel republikeins is.**

Op die premierskonferensie in Londen het spreker gesê dat die koningskap vir die eensoortige Britse volke 'n band mag wees wat hulle aanmekaar bind, maar Suid-Afrika het nie 'n eenvormige volk van Britse afkoms nie. In die staatshoof word beliggaam die eenheid van die volk. Dis al moeilik genoeg as daardie staatshoof sesduisend myl uit die Unie woon, maar as dit nog 'n volk is wat vir die grootste gedeelte van nie-Britse oorsprong is, dan is dit 'n faktor wat wel volksverdeeldheid meebring.

### NIE MEER ONDERHORIG

Voortgaande het dr. Malan gesê dat Suid-Afrika, of hy 'n republiek is of nie, nie meer 'n onderhorige land is nie, en in die party se program van beginsels staan dat die partye onderneem om die onafhanklike status wat die land het te handhaaf. Ook die manier waarop te werk gegaan moet word om die republiek te kry, word bepaal. Dit sal geskied langs die konstitusionele weg en hy moet gegrond wees op die wil van die meerderheid van die blanke kiesers. **Die republiek se verkryging moet dan ook nie 'n saak vir 'n gewone algemene verkiesing gemaak word nie. Die volk moet deur middel van 'n spesiale opdrag oor hierdie saak en hierdie saak alleen gevra word.** Daar moet ook nie na die volk gegaan word aleer die regering seker is dat die volk se antwoord ja sal wees nie, en 'n ja met 'n veilige meerderheid.

Die tyd is nog nie daar nie. Indien die saak by die volgende verkiesing voorgelê word en dit word afgestem, is die republiek vir jare en jare doodgemaak.

Tot sover dr. Malan.

### ANDER BANDE BEHALWE KONING

Oor wat mnr. Strydom gesê het, val daar nie veel op te merk nie. Dit is min of meer die ou nasionale standpunt van algehele uittrede uit die Britse Ryk—**verbreking van die Britse konneksie in teenstelling met die ideaal van 'n republiek binne die Statebond, oftewel die weg van Indië, wat deur dr. Malan gepropageer word sedert sy terugkoms uit Londen.**

Dr. Malan verwys in sy toespraak na die Londense konferensie ter verduideliking van sy standpunt. In die parlement het dr. Malan dit indertyd as volg gestel, volgens Hansard (Nr. 15 van 1949, kol. 5,683 en 4)

(vervolg op bladsy 6 kolom 4)

# LIDMAATSKAP VAN NUWE PARTY

**Kragtens 'n besluit van die Transvaalse H.N.P.-kongres verlede week in Pretoria sal Jode in Transvaal toegelaat word om by die nuwe Nasionale Party aan te sluit indien hulle die beginsels van die party onderskryf. In Transvaal kon Jode nie lid van die H.N.P. geword het nie, dog wel in die ander provinsies.**

In sy toespraak voor die kongres het die hoofleier, dr. Malan, hom weereens uitgelaat oor die kwessie van groepvorming binne die nuwe party en sy standpunt nog duideliker gestel. Volgens Die Transvaler het dr. Malan hom as volg uitgelaat:

**„Pasop vir groepvorming! Daar kan, as ons een wil wees, nie 'n party binne 'n party wees nie. Dan sal dit onverbiddelik lei tot die resultaat wat ons voorheen gehad het.** Teen groepvorming moet 'n wakende oog gehou word — groepvorming op persoonlike grondslag, op provinsiale grondslag of **groepvorming oor enige politieke saak.** As daar verskille is moet dit op die partykongresse uitkom. Die kongres, die party se hoogste gesag, moet sy plek hê wat hom konstitusioneel toekom."

## Britse Standpunt

**„Ons glo nie in die onvermydelikheid van oorlog nie. Persoonlik glo ek nie dat Rusland oorlog beplan nie,"** het die Britse eerste minister, mnr. Clement Attlee op 'n byeenkoms van sy party gesê.

**„Handel tussen Brittanje en Oos-Europa en Rusland maak ons sterker en nie swakker nie,"** het mnr. Herbert Morrison, Britse minister van buitelandse sake op 'n onthaal in Amerika verklaar.

## TRUMAN AANVAAR WERKLIKHEID

**Pres Truman het verlede week op 'n perskonferensie gesê dat die Verenigde State tans staat maak op dwang eerder as diplomasie in sy onderhandeling met Sowjet-Rusland. Truman het gesê dat ooreenkomste met Rusland nie die papier werd is waarop dit geskryf is nie.**

**Hierdie houding van die Amerikaanse president openbaar 'n wending in die Westerse houding teenoor Rusland sedert hul bondgenootskap met Moskou in 1941. In daardie dae en daarna is geglo dat „premier" Stalin 'n gawe demokraat is wat selfs vertrou kon word met die „heropvoeding" van 30 miljoen Duitsers. Hy het selfs die veto-reg in die V.V.O. ontvang. Hierdie dwaasheid word nou ingesien nadat bykans onherstelbare skade in die wêreld daardeur aangerig is.**

**Intussen het die Britse minister van buitelandse sake, Herbert Morrison, 'n beroep op Amerika gedoen om nie moed op te gee ten opsigte van Rusland se goeie bedoelings nie, daar hy nog oorreed kan word om saam te werk.**

# HIERDIE DING WIL O.B. VERHOED

**Volgens Die Suidwester van 15 September het mnr. Dolf de la Rey, een van die leiers van die Fakkelkommando, hom as volg oor die republiek uitgelaat in Windhoek:**

**„Ek wil geen republiek hê nie; nie present nie. Ek het geveg vir 'n republiek en verloor en die enigste oplossing is nou om die hand van vriendskap uit te steek na die vyand.**

**„Maar buitendien wil ek geen republiek hê nie. Ek het met my eie oë aanskou wat onder die vorige republieke aangegaan het."**

**„Oom Dolf" is 'n toonbeeld van die gevolge van 'n beleid waarteen die Ossewabrandwag so hard waarsku. Hy het self eenmaal so sterk aan 'n republiek geglo dat hy, volgens sy eie erkenning, daarvoor geveg het. 'n Mens veg nie met die wapen vir 'n ding wat jy nie present wil hê nie. Destyds sou „Oom Dolf" dus die republiek gevat het as hy dit present kon kry. Hy was bereid om die republiek met sy bloed te koop. Dit was toe „Oom Dolf" se herinneringe aan wat „onder die republieke aangegaan het" nog vars in sy geheue was.**

**Maar in die afgelope vyftig jaar het daar iets met „Oom Dolf" gebeur wat hom beweeg het om nou te sê „Nee dankie" vir die republiek waarvoor hy in sy jeug so hard geveg het.**

**Wat is daardie ding wat gebeur het met „Oom Dolf"?**

**Hy het slagoffer geword van die Britse imperiale taktiek om aan oorwonne volke die skyn van vryheid terug te gee in ruil vir hul verset teen die** Empire. Oom Dolf is 'n geesgenoot en ondersteuner van genl. Botha, genl. Schalk Burger, genl. Smuts, ens., almal boere-leiers wat tot 1902 met die wapen geveg het vir die republiek, maar wat ná 1906 die Britse vryheid aanvaar het as goed „tot tyd en wyl . . "

So het genl. Burger op 4 Aug. 1918 te Delmas — hoewel hy „ronduit" verklaar dat **„ons altyd republikeins was en hoop om dit ook altoos te bly"** — bely: „Ons is vandag vryer as wat ons ooit as republikeine was."

### AGTERUITGANG

**Al hopende om „altoos republikeine te bly" het hierdie mense in 1914 hul mede-republikeine wat met die daad wou toon dat hulle nog republikeins is, geskiet en in die tronke gestop.** Die republikeinse inslag by hulle het al dunner geword totdat dit later in onverskilligheid en uiteindelik in vyandskap teen nasionaalgesinde volksgenote oorgeslaan het, soos ons dit in die ou Suid-Afrikaanse Party ervaar het—ook nog tydens die afgelope oorlog onder aanvoering van genl. Smuts. **Van vegters VIR 'n republiek het hierdie mense onder die bearbeiding van hul party - propaganda mettertyd ontwikkel tot sulke vegters TEEN 'n republiek dat hulle 'n republiek nie eens meer „present wil hê nie."**

### AANVAAR BRITSE VRYHEID

En van hierdie proses het ons 'n herhaling gehad na 1926 toe republikeine so tevrede was met „soewereine onafhanklikheid" dat die Nasionale Party in 1928 selfs sy republikeinse klousule geskrap het. 'n Deel van die republikeine het hul republikeinse strewe verruil vir Britse vryheid, en selfs sommige van diegene wat dit nie gedoen het nie, het berus by die leiers se aanvaarding van die Britse vryheid, soos blyk uit die volgende pleidooi van G. F. Kuun op die Transvaalse kongres indertyd: **„Ek kan saam voel met die vorige spreker (wat teen skrapping van die klousule is) maar nie saamstem nie. As ons so gaan redeneer (dat ons nog nie heeltemal los van Engeland is nie) wat beteken die vryheid dan wat genl. Hertzog vir ons op die Rykskonferensie verkry het?"**

En ene Du Toit het by dié geleentheid gesê, nadat ook hy meegevoel betuig het met die volhardende republikeine: **„Ons moet die woord van ons leiers neem dat ons soewerein onafhanklik is."**

### VANDAG WEER

**En die groot gevaar bestaan vandag dat nasionale leiers aan die volk 'n nuwe soort Britse vryheid voorhou wat nog minder onderskeibaar is van die suiwere republikeinse ideaal as die vorige vorms van Britse vryheid—die „republiek" binne die Empire.**

As dr. Malan die Britse republiek bring wat hy op die Rykskonferensie van 1949 aanvaar het, sal republikeine dieselfde vrae as hierbo teenoor mede-republikeine stel: **„Wat beteken die vryheid dan wat dr. Malan vir ons op die Rykskonferensie verkry het?" en: „ons moet die woord van ons leiers neem dat ons 'n onafhanklike republiek is."**

### LOOP UIT OP „OOM DOLF"

**Die weg van „konstitusionele ontwikkeling" volgens Britse plan, is 'n weg wat uitloop op „Oom Dolf" de la Rey. Dit is die geestestoestand waarin 'n mens verkeer wanneer jy die vryheid waarvoor jy met die wapen geveg het, nie eers meer present wil hê nie.**

**„As die bande wat bind losser gemaak was in die verlede van tyd tot tyd, as dit nodig geword het om bande losser te maak, dan het die Statebond dit nog altyd reggekry om beslag te lê op die gees," het dr. Malan in die parlement op 11 Mei 1949 ná sy terugkeer uit Londen die proses van die Dolf de la Reys beskryf.**

**Die Ossewabrandwag wil voorkom dat daar meer Dolf de la Reys gemaak word van goeie republikeine wat gister en vandag vir 'n republiek geveg het, maar dit môre nie meer present wil hê nie. Daarom is hy gekant teen 'n Britse republiek soos deur dr. Malan verkondig, en daarom wil hy sy organisasie handhaaf.**

## Kenhardt Hou O.B.-Dag

**Die Kenhardt-kommando het op 17 Augustus O.B.-dag gevier en die mooi bedrag van £71 10s. ingesamel.**

Die kommandant, mnr. W. A. Loubser, het die oggend, nadat hy die verrigtinge met gebed geopen het, kortliks daarop gewys dat die Ossewabrandwag vandag die enigste draer van republikanisme is.

Die dag is gesellig deurgebring met skyfskiet onderwyl braaivleis, wors, koek en koffie deur die vroue bedien is en waaruit 'n mooi bedraggie byeengebring is.—(Ingestuur.)

DIE O.B., WOENSDAG, 26 SEPTEMBER 1951

# STAATSMANSKAP HET GEWYK

**„Die Verenigde Party is ten gunste van die inlywing van die Protektorate — en die taak om die onderhandelings te voltooi kan net aan die Verenigde Party toevertrou word."**

Dit was in kort die antwoord van mnr. J. G. N. Strauss, leier van die Opposisie, op dr. Malan se verklaring in Oos-Londen dat hy moontlik die vraagstuk van die protektorate se inlywing met die volgende algemene verkiesing aan die volk sal voorlê.

**In 'n oorlog wyk alle staatsmanskap vir oorweging van sukses.** Niks bewys hierdie stelling meer treffend as die Westerse Geallieerdes se houding teenoor Rusland nie. 'n Anti-kommunis soos Churchill, wat eenmaal vir Mussolini voorgehou het as die redder van Europa teen die kommunisme, het kolossale dwaashede ten opsigte van die bevordering van kommunisme begaan toe sy land in 'n oorlog gewikkel was. **Hy het selfs Pole, die land om wie se ontwil Brittanje Duitsland die oorlog aangesê het, oorgelewer aan die genade van „premier" Stalin, en sodoende sy eie oorlogsdoel verkoop vir 'n oorlogsoorwinning.**

## NET SO IN PARTYPOLITIEK

**Dit is dieselfde ding wat gebeur in die partypolitiek. Hierdie ingevoerde Britse stelsel berus op die grondslag van burgeroorlog. Twee politieke leërs, genoem „partye," staan in slagorde teenoor mekaar opgestel en voer 'n stryd om oorwinning waarvoor die prys die landsbewind is.** Die een wat verloor, verkeer in die woestyn en neem geen verantwoordelikheid teenoor die volk vir die landsbestuur nie. Inteendeel, hy doen sy bes om deur onverantwoordelike optrede die oorwinnaar in die kussings om elke draai in die verleentheid te bring. **Want anders as 'n militêre oorlog wat gewoonlik uitloop op die een of ander vredesverdrag, eindig die partypolitieke oorlog nooit nie.** Solank die opposisieparty in die „woestyn" verkeer, sit hy sy stryd van daaruit voort en saboteer die regerende party net waar hy kan. So het die volk reeds aanskou hoe die huidige Opposisie selfs pogings aangewend het om ons land in 'n ekonomiese krisis te laat beland. So moet die volk aanskou hoe die Opposisie ons blanke bestaan bedreig met onverantwoordelike propaganda van onderdrukking van die nie-blankes wat deur laasgenoemde opgeslurp en deur die buiteland nagebulder word. **Waarheen dit lei vir die land as geheel, weeg by die party nie op teenoor die vraag of dit die oorwinningskanse by die volgende verkiesing verbeter nie.**

Maar juis omdat dit so is, kan geen verantwoordelike staatsmansoptrede binne die Parlement verwag word nie. Sodra 'n saak op die „vloer van die Huis" uitgeskud word, ontledig die politici hulself van alle waardigheid en verstand vir hul jag op partybelang. En as beginsel teenoor beginsel nie gestel kan word nie omdat die partye eenders voel oor die saak op die „vloer," dan moet die stryd gevoer word oor die vraag watter party nou eintlik toegelaat moet word om die land 'n diens te bewys. En dit is wat mnr. Strauss nou besig is om te doen. **Hy het geen fout te vind met die beleid nie. Sy eie party het verder gegaan met eise ten opsigte van die protektorate as wat dr. Malan nou doen, maar teen alle koste moet belet word dat iemand anders dit verkry behalwe sy eie party.**

## STELSEL EIS DIT

In alle billikheid teenoor mnr. Strauss moet ons beklemtoon dat hierdie houding nie voortspruit uit sy gebrek aan verantwoordelikheid nie. **Dit is sy taak om dr. Malan te opponeer — hy word vir hierdie taak £2,300 per jaar betaal. Hy verkeer in 'n oorlog teen dr. Malan se party omdat die Britse regeringstelsel van hom eis om oorlog te speel.**

**En juis omdat dit so is en ons geweet het dat dit so is, kon ons dadelik ná dr. Malan se verklaring gewaarsku het dat dr. Malan nou die Opposisie gaan dwing om 'n saak waaroor daar geen beginselverskil is nie, te gaan beveg oor prosedureverskille.** Ons het voorspel dat dit nie by prosedureverskille gaan bly nie, maar uiteindelik sal oorslaan in beginselverskille. -

Maar in alle billikheid teenoor dr. Malan moet ons beklemtoon dat hierdie optrede van hom nie voortspruit uit gebrek aan verantwoordelikheid nie. **Dit is sy taak om ooreenkomstig die reëls van parlementêre oorlogvoering die Opposisie toe te takel net waar hy kan. Hy kan alleen regeer indien hy die burgeroorlog wen, en as hy dit alleen kan wen deur die Opposisie te ontwapen, waarom sal hy nie?**

**Oorlog is oorlog en staatsmanskap moet wyk vir oorwegings van sukses — solank ons verkies om ons met die Britse partystelsel te behelp.**

# Van Die Os Op Die Esel

## Deur Sybrand

### *Daar Is Dosyne Volksbewegings*

Die Ossewabrandwag in S.A. is nie die enigste volksbeweging in die wêreld wat voortdurend die stryd vir hervorming voer teen die gevestigde belange van partypolitici en geldmanne nie. In die skoot van byna elke volk op aarde leef daar sodanige volksbewegings. Hulle bly ongelukkig vir baie mense onbekend omdat hulle eie land se pers sowel as die pers van die wêreld hulle ook doodswyg net soos die geval is met die Ossewabrandwag in ons eie land. Nêrens in die wêreld hou gevestigde belange van hervorming nie. Maar dit is 'n verblydende waarheid dat daar dosyne volksbewegings bestaan en duisende selfopofferende lede van baie volke is, wat, ten spyte van groter teenslae as wat die O.B. nog ooit getref het, eenvoudig bly weier om die knie te buig voor die afgod van die gevestigde partypolitieke en geldbelange. Hulle glo dat die ou bedeling herskep moet word en hulle veg derhalwe blymoedig voort vir die nuwe bedeling.

Ek dink dat dit nodig is dat hierdie volksbewegings meer van mekaar se stryd moet weet. Elkeen sal ongetwyfeld uit die ander se volgehoue stryd nuwe besieling put om volhardend die eie stryd voort te sit.

### *Die Engelse Nasionaliste*

Vandag gaan ek die woorde van die leier van die Engelse volksbeweging aanhaal sowel as standpunte wat in sy koerant gestel word. Ek wil my lesers herinner dat die stryd wat die Engelse nasionaliste vandag moet voer baie swaar is en baie bitter is; en dat die verydeling wat hulle voel geweldig neerdrukkend is. Hulle land gaan nie 'n glorieryke toekoms tegemoet nie — hy beëindig dit. Hulle leef nie in die môre wanneer die son vir hulle volk opkom nie, maar in die aand wanneer die son reeds ondergegaan het.

En nogtans hou hulle moed en is hulle besig om 'n verrassende splinternuwe toekoms vir hul land en volk uit te werk.

As Afrikaner-republikein kan ek nie spyt voel oor die aftakeling van die Britse Ryk nie. Maar as Afrikaner-nasionalis wat my volk se son sien opkom het ek tog meegevoel met die Engelse nasionaliste wat die skemerdonkerte reeds ingegaan het.

Laat ons nagaan wat die Engelse nasionaliste wat in die tydperk na twee wêreldoorloë leef, sê en dink. Miskien het hulle vir ons ook 'n boodskap.

### *Die Tengerige Ou Vroutjie*

Na aanleiding van Brittanje se gebrek aan grondstowwe verklaar Sir Oswald Mosley, die leier van **British Union:**

„Die Britse regering word rondgestamp, deur 'n land soos Amerika, op die wêreldmarkte waar daar oormekaar geval word vir grondstowwe. Brittanje is soos 'n tengerige ou vroutjie wat rondgestamp word deur 'n gespierde jong man. Trouens die ou vroutjie bly slegs aan die lewe omdat die jong man darem barmhartig genoeg is om vir haar somtyds geld te gee vir 'n maaltyd. Dit is die posisie waartoe die politieke partye en die politici Brittanje laat daal het."

En dan vertel Mosley, met ongetwyfeld 'n tikkie trots, waarvandaan Brittanje gedaal het:

„Slegs 37 jaar gelede, in 1914, het Brittanje die markte van die wêreld beheer; toendertyd is die uitvoersurplus nog steeds opgebou wat sedertdien weggegooi is. Buitelanders het vierduisend-miljoen pond aan ons geskuld, wat voordelig gebruik kan word, maar wat op 'n onnodige oorlog vermors is. Ons was tweekeer so sterk as enige ander moondheid in die wêreld omdat ons seemag tweekeer sterker was as enige ander moondheid s'n. Ons het 'n Empire besit, wat deur ons voorouers opgebou was, en wat byna 'n kwart van die aardbol beslaan het en wat geweldige mannekrag bevat het sowel as al die grondstowwe wat die nywerheid kon verlang.

„Die tragedie is dat Brittanje homself gaan vasbind het aan die internasionale geldstelsel en die Empire weggegooi het." 'n Mens kan verstaan hoe verydeld Mosley moet voel as hy op laasgenoemde sin laat volg: „Sommige van ons in British Union het vyf jaar in verskillende Britse tronke deurgebring omdat ons die volk wou oorreed om dit nie te doen nie." Mosley, die leier, was self in die tronk.

### *Die Skoppe Wat Brittanje Kry*

**Union,** die amptelike orgaan van die Engelse volksbeweging skryf soos volg oor die aftakeling van Brittanje:

„Brittanje word geskop. Persië, dan weer Egipte, hulle skop almal die gevalle reus. Daar kom geen reaksie van Brittanje nie — die politieke partye ontvang maar die skoppe. Die Arbeidersparty tjank; die Konserwatiewe Party knor. Maar nie een van die partye doen iets nie; nie een waag om iets te doen nie; nie een is in staat om iets te doen nie. Waarom nie?

„Want hulle beleid het Brittanje verraai en sy mag gebreek. Hulle het die Broederoorlog gevoer. Hulle het Europa verdeel; teen Duitsland geveg terwille van Pole. Hulle het die mag en die ryk van Brittanje verloor. Magtelose Brittanje is uit Indië, Birma en Ceylon geskop; nou neem Persië en Egipte ook aan die skoppery deel. En nog steeds doen Brittanje niks daaromtrent nie"

### *Britse Mag Is Verlore*

Hierdie Engelse nasionaliste se oordeel oor hul volk se beroepspolitici is verpletterend; en oënskynlik is hul oordeel oor die toekoms van hul volk net so nugter. Insake die moontlike herrysenis van Brittanje skryf hul blad:

„Die ou middels is verlore vir Brittanje, want die verraaierparty het die ou middels vernietig.

„Die Empire is verlore, die mag is verlore, die ou leefwyse is verlore. Dit kan nooit weer terugkom nie; die wysters van die horlosie kan nie teruggedraai word nie.

„Daar het slegs nuwe middels vir Brittanje oorgebly; maar die nuwe middels is nie vir die ou partye beskikbaar nie. Diegene wat vernietig het kan nie weer opbou nie, want hulle het so baie se dood en so baie puinhope veroorsaak dat hulle deur alteveel mense altebaie gehaat word."

### *Europese Volkefamilie*

Die blad gaan dan voort om die nuwe middels aan te dui waardeur Brittanje sy verlore grootheid moontlik kan herwin. In die eerste instansie moet Brittanje saamwerk in die skepping en deel word van 'n geslote Europese eenheid. As lid van die Europese volkefamilie kan Brittanje groter wees as ooit tevore „want die vereniging van Europa gepaard met die ontwikkeling van Afrika sal 'n geweldige mag daarstel — 'n mag wat oneindig groter sal wees as wat die Britse Ryk in die dae van sy glorie ooit was." Union verduidelik dat al die lede van die Europese volkefamilie gelykwaardig sal wees, maar die volk wat die grootste diens lewer sal „die eerste wees onder die gelykes" — primus inter pares.

Die Engelse nasionaliste se nuwe middel vir die herwinning van Britse grootheid is: diens. Nie imperialisme nie. Diens aan, eerstens, Europese eenheid; en, tweedens, Europees-Afrikaanse samewerking. Diens aan die opbou van Europa en die ontwikkeling van Afrika. „Laat die Britte die eerste wees onder die gelyke volke van Europa deur die diens wat hulle lewer," is die hoop wat British Union uitbou.

### *Interessante Gevolgtrekkings*

'n Paar van my gevolgtrekkings is:

Daar is twee dinge waarteen die Engelse volksbeweging ten enemale gekant is: Die partystelsel en die internasionale geldstelsel. Die Afrikaanse volksbeweging is ook daarteen gekant.

Ek weet nie of die Engelse volksbeweging teen die Britse imperialisme as sodanig gekant is nie. Maar klaarblyklik is hy oortuig daarvan dat dit iets van die verlede is, en verwerp hy dit as toekomsbeleid. Dit keur die Afrikaanse volksbeweging vanselfsprekend goed.

Die Engelse volksbeweging bepleit die eenheid van Europa en Europees-Afrikaanse samewerking — want hy glo dat Brittanje slegs kan voortbestaan as daar 'n plekkie in die Europees-Afrikaanse sfeer vir hom ingeruim word. Die Afrikaanse volksbeweging verlang ook Europese eenheid en Europees-Afrikaanse samewerking want hy wil daardeur die blanke beskawing en heerskappy in Afrika beveilig.

Ek dink my gevolgtrekkings is geregverdigd.

Myns insiens is dit baie belangrik dat die nasionale bewegings van die Afrikanervolk en van die Engelse volk soveel gemeenskaplike belydenisse het. Mens sou dit nie juis verwag het nie. Wat beteken dit? Beteken dit nie dat elke volksbeweging in sy eie land nog harder moet streef na oorwinning nie? Want as hierdie volksbewegings, môre of oormôre, in hul onderskeie lande die mag in hande kry sal daar ongetwyfeld 'n era van internasionale samewerking aanbreek soos die moderne mensdom nog nie geken het nie. Dan sal volksmanne die wêreld regeer en nie partypolitici en geldbase nie.

### *Allegaartjie Is Gevatte Beskrywing*

Ek het 'n aangename en geselserige briefie ontvang van my ou vriend, neef D. Retief van Harrismith, waarvoor ek hom hartlik bedank. Hy skryf:

„Vriend Uil se jongste voorstel oor die grondbelastings is nogal nie onaardig nie; inteendeel ek dink die meeste kleinboere dink lankal so. Daar sal

(vervolg op bladsy 3 kolom 1)

*ALBANIË—(1)*

# RUSLAND SE VASHOUPLEK AAN MIDDELLANDSE SEE

**Toe Turkye nà die tweede Balkan-oorlog in 1912 verslaan is, word die Europese deel van Turkye verdeel en Albanië word 'n vry onafhanklike staat. In dié tyd was daar maar min Europese wêreldkenners wat die land Albannië geken het. Wel het Albanië 'n paar klein niks-betekende hawens gehad, maar die binneland was oerwoud en net met 'n paar paaie deurkruis.**

**Onder die heerskappy van die Turke het die Albanese dit baie goed verstaan hoe om die Sultan te behaag. Daar was wel meer as 30 persent van die Albanese wat Mohammedane geword het en deur die slim skaakset het die Albanese die volle staats-burgerregte van Turkye verkry.**

Die ou Sultan het die Albanese volk baie bevoorreg en jong seuns van Albanië in sy lyfwagregiment geplaas.

Die Albanese adel die Bej-families het 'n belangrike rol in die hiërargie van Turkye gespeel. 'n Aantal van die beroemdste groot visiers was Albanese. Die koningshuis van Egipte ontstaan uit een van Albanië se Bej-families.

Die Sultan was so lief vir die Albanese dat hy oor alle stamaangeleenthede wou inligting hê. Hy persoonlik het die stam se leiers benoem, die landdroste en landhere uitgesoek en in ampte geplaas.

So het die stamverdeling tot in die tweede oorlog voortbestaan en die benoeming van landdroste en ander hoë amptenare is tot in 1939 deur koning Zog I voortgesit.

Tot 1913 het Albanië in die verlede en in die Ooste gelewe. Van toe af was hy gedwing om by die teenswoordige aan te sluit. Dit was glad nie maklik vir Albanië nie. Ander volke en lande het honderde jare tyd gehad om die ontwikkeling te behaal waarin hulle nou verkeer. Albanië moes dit alles in 'n paar dekades inhaal. Dat dit nie sonder opskuddings kon afspeel nie is vir elke oordeelkundige duidelik.

### REPUBLIEK

In 1914 word die Duitse prins Von Wied die vors van Albanië. In 1925 word Albanië 'n republiek. In 1928 word Achmed Zog, 'n lid van die Bej-families, koning Zog I.

Achmed Zog was 'n buitengewoon bekwame koning en het in twee vredevolle dekades die land en volk baie ver in die Europese beskawing gebring. Hy het baie slim te werk gegaan deur die ou stamleiers weer by sy sisteem in te skakel. **Die stamleiers word sy parlement en daardeur maak hy die harde bergvolk van Albanië gewoon aan een sentrale staatsmag.**

**Deur Ski**

Daarna wy hy hom aan die ontwikkeling van die tegniek en daardeur aan die oopsluiting van die binneland.

Die buiteland het oor Zog, sy land en volk, gelag veral oor sy outydse gewoontes. Maar juis dit was sekerlik sy politieke krag.

### VYANDE

Albanië het twee gevaarlike vyande gehad, naamlik Italië en Joego-Slawië, albei het vir die regte oomblik gewag om Albanië binne te val en te annekseer. Albanië kon teen niemand optree nie omdat hy nie 'n noemenswaardige leër gehad het nie en geen nywerhede wat 'n leër met krygsvoorrade kon voorsien nie.

Gevolglik moes Albanië 'n slim politieke streek uitvoer. Koning Zog het Italië teen Joego-Slawië en Joego-Slawië teen Italië afgespeel. Maar sulke politiek was net moontlik solank die klein entente soos Tsjeggo-Slowakye, Roemenië en Joego-Slawië bestaan het en dié in verbinding met Frankryk 'n wig teen Italië was.

Maar toe in Maart 1939 Hitler Praag inmarsjeer, was die klein entente gebreek en Italië val op 7 April 1939 Albanië binne sonder dat Joego-Slawië in staat was om Italië teenstand te bied.

### HAAT

Die Italianers het in 'n baie kort tyd die onversoenlike haat van die Albanese op hulle hals gehaal. Mussolini het nie alleen soldate nie, maar ook arbeiders, tesame ongeveer 200,000 man, na die kleine Albanië gestuur. Die Italiaanse soldate en arbeiders het natuurlik die vroue en meisies van Albanië lastig geval. Die Albanese laat hulle eie vryheid nie so maklik neem nie, nog minder hul vrouens.

Die haat het nog groter geword toe die Italiaanse regering bekend maak dat hy van plan is om Italiaanse setlaars in die land te bring.

Toe Mussolini in Rome gearresteer word en die Italianers met Duitsland breek, beset Duitse troepe die land en word deur die Albanese hartlik verwelkom en as verlossers ontvang. Die Duitsers het dadelik Albanië as 'n vry en onafhanklike staat geproklameer.

### DUITSE BELEID

Ooreenkomstig die middeleeuse karakter van Albanië was die hele land in die besit van 'n halfdosyn adellike families. Die adel van Albanië het in die tyd van die Italiaanse besetting natuurlik as bevoorregtes met die Italianers op vriendelike voet verkeer.

Toe die Duitsers in die land kom, ontstaan daar natuurlik 'n groot volksbeweging wat 'n verstandige landshervorming eis. Die Albanese adel, slim soos gewoonlik, het 'n verbond met Himmler se S.S. gesluit om die landshervormingsbeweging te breek. Daar is 'n regering gevorm deur die wat onder die invloed van die S.S. gestaan het en teen die landshervorming gekant was.

Die Albanese volk was spraakloos oor die houding van die S.S. en ook heeltemal radeloos. Die toestand is deur die Joego-Slawiese kommuniste-leier Tito uitgebuit. Tito het deur sy agent die Albanese teen die Bej-families en teen die Duitsers opgestook. In die eerste tyd het net 'n burgeroorlog van die armes teen die rykes plaasgevind, aangesien die Albanese van die Duitsers gehou het en eenvoudig nie die houding van die S.S. kon verstaan nie.

### ENGELSE MENG IN

**Gevolglik het ook Engelse agente verskyn en aan die opstandiges alles belowe as hulle teen die Duitsers sal veg. Op dié oomblik maak die S.S. nog 'n fout en gee aan die kommandos van die Bej-families wapens en ammunisie. Nou word die gevegte erger en die Duitse leër word aan verskeie kante aangeval. Die S.S. veg aan die kant van die Bej-families. So ontstaan die berugte Albanese partisane-oorlog.** Nietemin het die Duitse leër goed uit Albanië weggekom. In die middel en noordelike berghange was daar vriendelik gesinde Albanese

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

stamme wat in die stryd neutraal gebly het. Daardeur was dit ook vir die Duits-Griekse leër moontlik om na Kroatië terug te trek.

Tito het na die uitmars van die Duitse leër 'n kommunistiese regering gevorm en met Albanië 'n reeks ooreenkomste gesluit.

### KIES KANT

Sedert 1945 het in die plek van die Italianers en Duitsers Joego-Slawe getree. Hulle sit in die kantore, is magistrate en is in die leër. Daarvan het die Albanese natuurlik nie gehou nie, maar, slim soos gewoonlik, het hulle vir die regte uur gewag. En dit het gekom toe Tito met die kominform kwaai vriende geword het.

Albanië het geesdriftige trou aan die kominform betuig. Die Joego-Slawe is almal uit die land geskop en die ekonomiese en militêre ooreenkomste opgesê.

Die Albanese van 1950 het net so 'n slim politiek gevolg as die Albanese in die 15de eeu. Hulle hou glad nie daarvan dat die vriend en beskermer so naby is nie. Hulle dink Moskou is baie ver, in elk geval verder as Tito se Belgrado.

Miskien, miskien ook nie?

## Van die Os op die Esel

(vervolg van bladsy 2 kolom 5)

natuurlik 'n kommissie aangestel word om soiets te ondersoek en dan kan hul sommer noukeurig die werkvolkwessie nagaan, en 'n superbelasting aanbeveel op dié wat met kaffers (of moet dié nou naturelle genoem word?) boer.

„Jammer dat ek nie eerder weer van my laat hoer het nie, maar die tonge het so losgeraak dat ek stilgesit en gelees het. Dis darem 'n lekker rubriekie hierdie, jy kan maar sê so 'n O.B.-„mixed grill." So tussen hakies, weet neef nie wat die ou boermense hiervoor gesê het nie of was dit toe nog oorsee?

„Wel, ek dwaal van die punt af. Ek wou eintlik sê dat ons werkerstand — Sappe — of moet ek sê Nattes, want die partye word al hoe meer eenders behalwe dat die Sappe meer Engels praat — saamstem op ander gebiede ook byvoorbeeld dié oor 'n republiek.

„Maar sal so 'n republiek nou politieke stryery in die praathuis uitskakel? (Dit sal nogal gaaf wees as die samestelling en werking van die beoogde republiek verduidelik kan word).

„Myns insiens sal die stryery mettertyd verdwyn. Met die ontwikkeling van die land sal die peil van redenasie ook verbeter en sal daar ook meer bekwame manne uitgesoek kan word wat nie net weens hul gladde tong Volksraad toe gaan nie."

Die letterlike vertaling van „mixed grill" is 'n gemengde braaigereg. Maar dit is te lomp en Afrikaners praat derhalwe van 'n allegaartjie! Is dit nie 'n mooi woord nie? Dis 'n pragtige voorbeeld van die plooibaarheid van ons taal. Die letterlike betekenis van allegaartjie is 'n gemengde braaigereg—wat van alles iets bevat. My leser mag die woord egter ook in figuurlike sin gebruik, en dan is hy reg om die rubriek—Van die Os op die Esel—as 'n O.B.-allegaartjie te beskryf — wat iets van alles omtrent die Ossewabrandwag bevat. Ek wil my leser gelukwens met die gevatte beskrywing van my rubriek. Ek steek die pluimpie in my sak!

Dit sal vir my baie plesier gee om die samestelling en werking van die beoogde partylose republiek van die Ossewabrandwag uiteen te sit. Ek sal dit nie vergeet nie en by geleentheid sal ek dit doen.

# WIE IS MOSSADEGH VAN PERSIË

Mohamed Hedayat Mossadegh, die eerste minister van Persië, wat die oliestryd op die oomblik voer teen Brittanje, stam uit 'n vooraanstaande familie van Persië, skryf ons buitelandse medewerker.

Sy vader was vir drie dekades minister van finansies van die Sjah Nasried-Din uit die heerserhuis Kadjar.

Sy moeder was 'n prinses uit die heerserhuis van Kadjar.

Mohamed Hedayat het groot geword binne die muur van die paleis van die Sjah in prag en in 'n omgewing en lewenswyse wat al ons voorstellings van glans, rykdom en skoonheid nog ver oortref.

Maar reeds as kind het sy moeder hom na kwartiere in Teheran, waar ellende geheers het, geneem waar sy 'n hospitaal vir armes gestig het. Mohamed het dus baie vroeg in sy lewe die skaduwee in teenstelling met die glans van die lewe leer ken. Nog vandag as 'n ou man is dr. Mohamed Hedayat Mossadegh dié persoon wat die hospitaal met geld en ander middele ondersteun.

Vir Mossadegh is die godsdiens die middelpunt van sy lewe. Hy behoort aan die Sufis wat die mistiekers van die Mohammedanisme is. 'n Mens moet dit reg verstaan dat Mossadegh as eerste minister van 'n land wat so baie lief vir prag is, in 'n kamer bly waar net 'n bed, kas en een stoel staan. Hy eet niks anders as vrugte, melk kaas en brood nie, aangesien die liggaam vir die Sufis net 'n orgaan van die siel is.

Wanneer Mossadegh in sy liggaamlike swakheid deur die ekstatiese oefening van die Sufis verswak en deur die beswymingstoestand van die derwisj uitgeput is, sodat hy dan deur sy vriende gelei moet word; wanneer sy hande bewe en oë traan en hy hartstogtelike redes voer, dan beliggaam hy vir die volk die egte Sufis en sy woorde is vir die Persiese luisteraar vlammevuur.

Die Engelse intelligentsia weet dit baie goed maar hulle skrywe in hul koerante oor sulke gebeurtenisse op veragtelike wyse om Mossadegh vir die profaanse leser belaglik te maak.

Dr. Mossadegh het lange jare in Frankryk en in Switserland geleef en gestudeer. In hom is verenig die wêrelde van die Ooste en die Weste. Sterk in geloof stel hy teen ouderdom en siekte die krag van sy gees.

## „FANTASTIESE" WAPENS

Daar was die afgelope weke sprake van „fantastiese" geheime wapens waaroor die Verenigde State sou beskik. 'n Senator het daarna verwys sowel as pres. Truman. Een daarvan is 'n eskadron loodslose vliegtuie.

Intussen word uit België berig dat wetenskaplikes daarin geslaag het om 'n miniatuuratoombom te maak wat as artillerie- en selfs kleingeweerwapen gebruik kan word met „vernietigende resultaat."

Hoewel verklaar word dat alle moontlike maatreëls vir geheimhouding getref is, weet die wêreld by hierdie tyd dat die Weste geen geheim vir Stalin kan bewaar nie. Daarvoor sit sy spioene te hoog op in die regering. Dit is net 'n kwessie van tyd voor Rusland dit ook het, indien hy nie reeds saam met Amerika en België met die vervaardiging daarvan begin het nie.



**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### MEUBELS

**MEUBELS.**—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits-aannemers. Foon 9-8435.

### HORLOSIES EN BRILLE

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

### GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar- en kopvelvoedingsmiddel te gebruik. Skadeloos, kleurstofvry, 5s. per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** D1/9/49

**Gryshare en -baard** binne een maand tot natuurlike kleur herstel of geld terug. Vry van kleurstof. Bevorder haregroei, verwyder skilfers. 5s. 6d. per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** G14/6/50

### MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis. Oortuig uself deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel. Skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** B1/9/49

**SIEKTES en Kwale verban!** Operasies vermy en gesondheid herstel. Waarom dan sal u langer ly? Skryf, meld besonderhede, raadpleeg **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** (Nr. 2)1/9/49

*Vir Meubels en Radios Phil Morkel is u man!*

**Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerk-gebou, vir Radio's, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.**

**O.B. JAARGANGE**

**JAARGANG 1949—1950**

**Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk.**

**PRAGTIG INGEBIND**

***VOORRAAD BAIE BEPERK***

**BESTEL DUS DADELIK BY:**

**VOORSLAG (EDMS.) BPK.**

**Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad**

## Teken in op DIE O.B.!

**Suid-Afrika is vandag 'n Koninkryk onder 'n Britse koning: DIE O.B. veg vir 'n Republiek onder 'n Afrikaanse President.**

**DIE O.B.**

- **Verwerp die Partystelsel wat die volk verdeel en veg vir die Partylose Eenheidstaat.**
- **Verwerp verteenwoordiging deur handlangers van politieke partye en veg vir regering deur vrye volksverteenwoordigers en deskundige beroepsverteenwoordigers.**
- **Verwerp die Kapitalisme en veg vir 'n Afrikaner-volksekonomie.**
- **Verwerp die politieke, maatskaplike en ekonomiese integrasie van die nie-blanke en veg vir territoriale apartheid.**

**DIE O.B. wil 'n vrye, eensgesinde, en welvarende S.A. bou. DIE O.B. se ideaal is ook u ideaal. Help om dit te verwesenlik.**

### Intekenvorm

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van......................*

*..........................vir die eerste..........................maande.*

*NAAM*..........................................................

(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES*..........................................................

..........................................................

..........................................................

..........................................................

*Handtekening.*

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks**

*Ander Se Menings*

# EVOLUSIE IS ONBEWESE

**Na aanleiding van 'n besluit van die Kaapstadse Ring van die Ned. Geref. Kerk waarin afkeuring uitgespreek word oor die voorgestelde indeling van museumstukke in die Suid-Afrikaanse Museum ooreenkomstig die evolusie-opvatting, het verteenwoordigers van verskillende kerkgenootskappe hul mening oor hierdie onbewese teorie uitgespreek.**

Die Rooms-Katolieke kerk se woordvoerder, aartsbiskop Owen MacCann, het gesê dat 'n Rooms-Katoliek vry is om enigeen van die twee standpunte te handhaaf — naamlik dat God die mens direk geskape het of laat ontwikkel het deur middel van 'n evolusie-proses. Kragtens 'n pouslike leerstelling mag hy egter nie glo dat die siel ontwikkel het nie. Dit is 'n regstreekse skepping van God.

Eerw. J. W. Watson, van die Metodiste kerk, het gesê dat die kerk verkondig dat God die mens geskape het en die asem van die lewe in sy neusgate geblaas het. Lewe sluit in sowel die geestelike as stoflike dinge. **Die evolusie-teorie is reeds verouderd en baie wetenskaplikes aanvaar dit nie meer nie. „Ek glo dat die mens hom nie self geskape het nie en hy kan homself ook nie laat ontwikkel nie."**

### JOODSE STANDPUNT

Die Joodse standpunt is gestel deur hoofrabbyn prof. Abrahams: „Daar mag 'n paar fundamentaliste wees wat die teorie verwerp, maar hulle spreek nie namens Judaisme nie. Moderne rabbyne neem 'n verdraagsame houding in en hulle sal geen beswaar teen 'n (evolusionistiese) rangskikking hê nie."

Prof. A. B. du Preez van die teologiese fakulteit van die Universiteit Pretoria, het hom oor hierdie saak 'n tydjie gelede uitgelaat na aanleiding van die verklaring dat daar tussen wyle dr. Broom se versameling, skakels mag wees wat die mens met die voor-ape verbind. **Sulke stellings, het hy gesê, bewys net dat die evolusie-teorie ook maar 'n geloof is waaraan sommige glo en ander nie.**

### KENNIS BEPERK

Gelukkig is daar baie wetenskaplikes wat uit nugtere selfkritiek nie kan saampraat met die vereerders van die evolusiedogma nie.

Dubois-Raymond, wat gewys het op die beperkinge van ons natuurkennis, toon aan hoe die wetenskap op sigself juis die diepste probleme, byvoorbeeld die oorsprong van beweging, die oorsprong van lewe, die ontstaan van doelmatigheid in die natuur, die ontstaan van bewussyn en van verstandelike denke, sowel as die vrye wil wat 'n verpligting tot die goeie het, met die middel tot sy beskikking nie kan deurgrond nie.

**Daar is wetenskaplikes wat erken dat daar nie net een ontbrekende skakel in die evolusie-proses is nie, maar baie.**

„As gelowige mense wat die natuurwetenskap graag wil erken en eerbiedig op sy eie terrein, kan ons in die geruste vertroue voortlewe dat die wetenskap self krities sal staan teenoor die ongeoorloofde konklusies, en dat hy homself tot orde sal roep en tot 'n beter formulering van die waarheid sal kom."

**Die Suid-Afrikaanse wetenskaplike,** dr. B. F. J. Schonland, is deur die Britse regering benoem as die hoof van die stoomfabriek te Harwell. Hy is voorheen 'n betrekking as hoofwetenskaplike in die Britse ministerie van voorrade aangebied, maar hy het dit van die hand gewys.

## Edenburg Hou Funksie

Edenburg - brandwagte hou hulle O.B.-dag op 29 September in die vorm van 'n braaivleis die middag; en die aand spreek adv. John Vorster 'n vergadering toe in die Stadsaal. Almal is welkom.

**'n Beskrywingspunt** sal aan die Britse Arbeiderspartykongres in Oktober voorgelê word waarin Suid-Afrika se naturellebeleid afgekeur en aangedring word dat „die (Britse) regering in die Afrikaanse gebiede onder sy gesag die regte van die naturellebevolking as oorheersend moet beskou en geen toegewing moet maak aan Suid-Afrika of aan blanke nedersetters in ander dele van die vasteland nie."

## KLUTS KWYT

**Mnr. P. J. Venter, Villieria, Pretoria skryf:**

Dit is met leedwese dat ek myself verplig voel om hierdie skrywe aan u te rig. As O.B. en oud-geïnterneerde voel ek dat u blad tans die kluts kwyt is. Ons het in die kamp en tronk gedurende die oorlog gesit met 'n ideaal. 'n Eenheids- en republikeinse gevoel en verlange.

K.G., in die persoon van Hans van Rensburg, het by ons gestaan dwarsdeur daardie lydensjare en vandag staan hy nog rotsvas. Waar was u, geagte redakteur, en die ander wat vandag teen K.G. te velde trek?

Ons O.B.'s soek eenheid en bid elke dag daarvoor. Ek protesteer ten sterkste daarteen dat u ons geliefde K.G. beswadder. Gedurende die oorlogsjare het almal op hom geskel en hul woede afgekoel. Ja, hy het die hoon en smaad ondergaan van vriend en vyand. Waar was u toe?

Haal eers die balk uit u eie oog en dan kan u die splinter in K.G. se oog soek.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

**Die redaksie het 'n groot aantal briewe van oral uit die land ontvang waarin menings gelug word oor die verskil tussen dr. Van Rensburg en Die O.B. in verband met die diskriminasieklousule wat opgeneem is in die konstitusie van die te stigte Nasionale Party. In belang van die Ossewabrandwag het die direksie besluit dat liewer geen verdere kommentaar hieroor voor die sitting van die Grootraad in ons meningskolomme toegelaat moet word nie, behalwe meegaande brief wat dr. Van Rensburg verdedig. Hierdie brief is billikheidshalwe deur die redaksie gekies met die oog op die kritiek wat in 'n vorige brief teen die persoon van dr. Van Rensburg vervat is.**

## Intekenare Gewerf

**Mnr. George van der Smit, Outjo, S.W.A., skryf:**

Ingesluit is die name van drie nuwe intekenare op Die O.B. tesame met die intekengelde.

Dit verheug my om te sien dat die O.B. so koers hou in dié dae van verwarring. Dit wys ons die regte pad duidelik aan; die pad van Suid-Afrika wat lei na ons vrye republiek waarvoor ons voorvaders gestry en gely het en die O.B. nou al veg sedert 1938. Laat ons nou eers skouer aan die wiel sit en sterk wees en ook ons mede-broers aanspoor om nie tou op te gooi nie.

Die Ossewabrandwag-beweging moet voortbeweeg, laat kom wat wil.

Mede-Brandwagte, laat u stem hoor sodat die swakkes kan aangemoedig word en nie meegesleur word nie.

Lank lewe die Ossewabrandwag.

## S.A. Se Verliese In Korea

**Dit is nie algemeen bekend nie dat die Suid-Afrikaanse lugeskader in Korea, wat uit 36 loodse met 24 vliegtuie bestaan, reeds 19 loodse verloor het nie, het kapt. J. G. Villers, wat teruggekeer het uit Korea, in Kaapstad gesê. Van hulle is net een krygsgevangene geneem en wel deur die Sjinese. Twaalf of dertien ander loodse is agter die vyandelike linies deur helicopters gered.**

**NET 'N PAAR ITEMS**

**om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk**

| | |
|---|---|
| Boston Potlood-skerpmakers ... ... ... ... ... | @ 15/- elk |
| Mercury Draadheg-masjiene ... ... ... ... ... | @ 29/6 elk |
| Dubbele Glas-Inkpotte ... ... ... ... ... ... ... ... | @ 6/9 elk |
| Afrolpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... | @ 7/- per Riem |
| Tikpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... | @ 7/8 per Riem |
| Tikpapier, 10 dm. x 8 dm. ... ... ... ... | @ 5/7 per Riem |

Losblad Grootboeke — alle groottes in voorraad, pryse vanaf £3/5/-

***Alle Kantoorbenodigdhede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.***

**SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.**

**Groote Kerkgebou 322, KAAPSTAD - Telefoon 2-7071**

# Plek Van Duitse Volk Vorm Kernvraagstuk

**Op 15 September het die afgevaardigdes van die lede van die Atlantiese Verbond in Ottawa, die mooi hoofstad van Kanada, byeengekom om hul balansstaat in verband met bewapening van die Verbond en die oprigting van 'n Eisenhower-leër wat Europa teen 'n rooi aanval moet verdedig, in oënskou te neem. Dit was ook baie nodig.**

**Die balansstaat wat hulle gesien het is egter 'n besonder treurige. Dit is deur Karl van Wiegand in die American Journal van 29 Julie as volg beskryf:**

**„Daar bestaan nog geen Eisenhower-leër op die oomblik nie! Daar is nog glad nie genoeg troepe om selfs maar 10 tot 15 Russiese pantserdivisies die hoof te bied nie indien hulle skielik in beweging sou kom. Daar bestaan ook geen plan oor die uiteindelike samevatting van die Plevinplan, die Eisenhower-plan en al die ander planne vir 'n Europese leër nie."**

Diegene wat deur hierdie stelling van Amerika se mees ervare buitelandse korrespondent ontstel word, kan nog minder troos vind in 'n Sondag-artikel van die U.S. News and World Report van 27 Julie wat verklaar: „Europa se verdedigingsbevelhebber, Eisenhower, het meer zurokrate as soldate tot sy beskikking ... na vyf maande van voorbereiding vind Eisenhower dat die moeilikhede toeneem en nie afneem nie... Oral verskyn swak plekke in die mobilisasieplanne . . . Die onenigheid tussen die Geallieerdes lewer die grootste moeilikheid op. Die moeilikhede van Eisenhower het 'n punt bereik waar mense beweer dat Europa nie meer 'n opperbevelhebber nodig het om gered te word nie, maar 'n God."

### VAN 100 NA 15

En dan gaan die artikel voort om te verklaar dat daar nou maar afgesien kan word van die 60 tot 100 divisies wat oorspronklik as die noodsaaklike mikpunt gestel is, aangesien dit as onbereikbaar aanvaar moet word. **Tans is genl. Eisenhower nog maar met slegs 15 divisies tevrede, maar hy het nouliks die helfte daarvan tot sy beskikking** — 3 Amerikaanse, 3 Engelse, 4 Franse en 2 gemengdes wat bestaan uit Hollanders, Belge, Dene, ens.

Geen wonder nie dat in sulke omstandighede daar op 14 Augustus 'n berig van United Press verskyn wat lui: Genl. Eisenhower se stafhoof het die kongreslede agter geslote deure meegedeel dat Duitse hulp baie naby aan 'n moet is vir die geslaagde verdediging van Wes-Europa. Lt.-genl. Alfred Grünther het daarop gewys dat genl. Eisenhower se Noord-Atlantiese verdedigingsplan op die veronderstelling berus dat Wes-Duitsland by die verdediging ingesluit is."

### KERNVRAAGSTUK

Dit en niks anders nie is dan ook die kernpunt van die Ottawa-konferensie! Die hoofkwartier van Eisenhower het dit in Washington duidelik gemaak dat hy sonder die hulp van Wes-Duitsland Wes-Europa nie met

**Deur dr. Otto Strasser**

welslae kan verdedig nie. Onder **hierdie oorredende militêre noodsaaklikheid staan die politieke beraadslagings in Ottawa** wat hom in die Weste toespits op 'n stryd tussen die Morgenthau-groep (ondersteun deur die linksgesinde regerings van Londen en Parys) en die „Pentagon" (ondersteun deur die nasionale en christelike elemente en partye in Wes-Europa). Die Pentagon is die Amerikaanse militêre leiding.—Red.)

Nog op 23 Augustus het die New York Times berig: „Die Franse standpunt kom neer op 'n verenigde stellinginname teen die deelgenootskap van Duitsland aan die verdedigingstelsel van Europa. Parys staan daarop dat Duitse deelname op so 'n wyse moet geskied dat dit in geen omstandighede kan uitloop op 'n Duitse nasionale leër nie."

Dit is nie net Frankryk se standpunt nie, maar ook — met beperkinge — die standpunt van Engeland en die Amerikaanse departement van buitelandse sake en die Morgenthau-groep binne die Demokratiese Party. Die standpunt van die Amerikaanse generale staf en tans ook dié van Eisenhower asook sulke nasionale leiers soos genl. Franco en De Gaulle, is dat Duitse hulp in alle omstandighede nodig is of die taak is onuitvoerbaar.

### IN DUITSE HANDE

Daarmee lê die eintlike beslissing by die Duitsers! Dit het die artikel in die U.S. News and World Report reeds duidelik gestel waar hy verklaar: „Die gemeenskaplike vraagstuk van Duitse deelname moet opnuut ondersoek word aangesien die Duitsers tot nog toe nie politiekbereid is om hul steun aan die verdedigingstelsel te gee nie."

Dit word hoog tyd dat die Westerse moondhede, en veral Washington, vir hulself duidelikheid moet kry oor hierdie vraagstuk vanuit die Duitse gesigspunt. Mens sal nie ver mis wees indien jy die standpunt van die Duitse volk ongeveer as volg stel nie:

(1) Die bewapening van Wes-Duitsland en sy deelname aan die kant van die Weste is met die oog op die huidige wêreldtoestand, die aardrykskundige ligging van Duitsland en die sware verliese wat twee wêreldoorloë die Duitse volk berokken het, 'n kwessie van lewe of dood vir die Duitse volk wat nie in 'n geheime ooreenkoms beslis en nog minder deur vreemdes gebied kan word, dog 'n vraagstuk waaroor die Duitsers met 'n oog op alle voor- en nadele self moet beslis.

(2) Dit vloei boweal voort uit die feit dat die bewapening van die deel van Duitsland wat onder die Westerse besetting val noodwendig moet uitloop op die bewapening van die deel wat onder die Oosterse besetting val, sodat Duitser teenoor Duitser in vreemde uniform sal staan en op mekaar sal moet skiet.

(3) Hierdie dubbele gevaar van 'n oorlog en burgeroorlog kan alleen dan in die aangesig gestaar word wanneer deelname regstreeks en uitsluitend geskied vir die voortbestaan en toekoms van die Duitse volk.

### WAT NODIG IS

(4) Hierdie vooruitsig kan alleen dan gestel word wanneer die Westerse moondhede hulle verbind om:

(a) die grense van Duitsland te erken soos dit op 31 Desember 1937 bestaan het;

(b) sonder verwyl die volle soewereiniteit van Duitsland — allereers Wes-Duitsland — te herstel;

(c) Duitsland, allereers Wes-Duitsland, gelykberegtiging op politieke en militêre en op wetenskaplike en kulturele gebied te verskaf.

(5) Die Westerse moondhede moet hulle boonop verbind om Wes-Duitsland met die verenigde krag van die Geallieerdes te verdedig in plaas van dit te beskou as 'n voorveld vir hul terugtog na die Ryn, die Engelse Kanaal en die Pirreneë, en moet origens verklaar dat die bevryding van Oos-Duitsland en Oos-Europa die oogmerk van die oorlog is en sal wees.

**Die resultaat van Ottawa sal afhang van die vraag in hoever die konferensiegangers hierdie gesingspunte van Duitsland erken en bereid is om daaraan gehoor te gee.**

# Kan Nou Vasstel Wanneer Slagoffer Vergiftig Is

**Die atoomwetenskap het reeds heelwat vordering op ander gebiede van die wetenskap teweeggebring. Een van die jongste toepassings daarvan is om presies vas te stel wanneer 'n persoon gif ingekry het.**

Wanneer 'n persoon arseengif inkry, beskerm die liggaam homself deur die gif in minder belangrike dele op te gaar, byvoorbeeld die hare, naels en vel. Dit is hierdie dele wat deur skeikundiges ondersoek word om vas te stel of 'n persoon vergiftig is. Hulle kan egter nie met juistheid sê wanneer die gif toegedien is nie, omdat die opgaring soms oor 'n lang tydperk plaasvind sodat die gifvoorraad in die gestel geleidelik opgebou word.

'n Franse deskundige op die gebied, Henri Griffon, het kort gelede egter 'n proses met behulp van atoomkrag ontwikkel wat met juistheid die datum van arseentoedienings kan gee. Hy neem 'n haar van die slagoffer en „bombardeer" dit 'n paar dae lank met elektrone (atoomkerns) totdat die elemente in die haar terdeë radioaktief is. Die haar word dan met lood bedek en stukkie vir stukkie ontbloot onder 'n Geiger-instrument (wat die radiouitstraling meet). Soos hy op 'n punt kom waar meer gif saamgetrek is as wat normaalweg opgegaar word, kan die tyd van toediening vasgestel word deur te meet hoe lank die haar tot op daardie punt is. 'n Haar groei ongeveer 'n halfduim per maand.

# WIL KLEURVRAAG LIG UIT PARTYPOLITIEK

**Die gevoel by die volk dat die kleurvraagstuk uit die partypolitiek gelig moet word, openbaar hom in steeds wyer kring, soos weerspieël in briewe in die Engelse pers gedurende die afgelope week.**

In 'n brief aan die Cape Times skryf W. Barnard van Bellville onder meer: „Ons in Suid-Afrika het toegelaat dat die hele rassevraagstuk 'n politieke voetbal geword het, en hoe gouer ons besef watter noodlottige gevolge hierdie ‚voetbal' vir die skoppers gaan hê, hoe beter. Daar is slegs twee weë vir ons oop — òf assimilasie, met gelyke politieke regte ongeag kleur, geloof, ens., òf die rasseskeiding."

'n Ander leser, G.A.D., St. James, pleit dat 'n langtermynkleurbeleid uitgewerk moet word vir die beswil van almal en dit moenie deur een party voorgeskryf word nie. Almal moet saamkom om dit te bespreek, en ook die Kleurlinge en naturelle behoort 'n bydrae te kan lewer tot die formulering van so 'n beleid ter wille van duursame vrede.

### GEEN UNIE-BELEID

C. L. Scandrett, Auckland Park skryf dat die Unie as geheel geen naturellebeleid het nie. Die huidige regering, wat nie alle seksies verteenwoordig nie, het sy beleid van apartheid, maar wat hy om klaarblyklike redes nie kan toepas nie. Hierdie beleid word grootliks gekritiseer in Noordelike Afrika en Brittanje, terwyl dit ook duidelik is dat 'n federasie in Afrika ook nooit sal kan plaasvind solank die Britse regering sy huidige naturellebeleid soos in die Goudkus toegepas, volg nie. **In elke deel van Afrika is daar seksies wat na die Unie en sy apartheidsbeleid opsien eerder as na Brittanje met sy beleid.**

**„Waarom neem die Unie nie die voortou en belê 'n konvensie soos dié wat die stigting van Unie voorafgegaan het nie — 'n konvensie wat uit blankes sal bestaan wat nie in die partypolitiek gewikkel is nie, maar wat deskundige kennis het van naturellesake, en 'n gelyke aantal naturelle wat die vertroue van hul volk geniet? Hierdie konvensie moet onder die leiding van 'n wetlike gesag van die hoogste orde plaasvind. Dit kan dan 'n beleid formuleer wat werlik verteenwoordigend van die Unie sal wees."**

Hy besluit met die stelling dat ons wel die buitelandse kritiek van diegene wat nie 'n begrip van ons toestande binne die Unie het nie, kan weerstaan, maar 'n nasionale konvensie is noodsaaklik om 'n nasionale beleid te formuleer.

# AGITASIE TEEN BRITSE GESAG NA DEVALUASIE

**In Brits-Honduras (Sentraal-Amerika) heers daar groot ontevredenheid onder die bevolking oor die Britse oorheersing. Groot betogings is gehou toe die 153ste herdenking plaasgevind het van die land se onderwerping aan Brittanje.**

Na berig word is die anti-Britse gevoel verskerp sedert devaluasie van die land se dollar in 1949, toe Brittanje sy geld se waarde verminder het teenoor die Amerikaanse dollar. Deur hierdie stap is die kolonie, wat feitlik aan Noord-Amerika grens, verplig geword om sy hele handel op Brittanje toe te spits, of duurder te betaal vir goedere uit die Verenigde State wat oornag met eenderde in prys gestyg het as gevolg van devaluasie.

# Nuwe Gif Vir Rotte Getoets

'n Pynlose rottegif, skadeloos vir huisdiere en mense, word in die Unie op die proef gestel, volgens mnr. B. W. Russell, hoofgesondheidsinspekteur in Kaapstad.

Die gif versteur die rot se bloedsomloop en die samestelling van sy bloed sodat hy geleidelik van die skokke aan sy gestel vrek.

Die gif word in een deel op vierduisend dele aas toegedien wat meebring dat dit nie kinders of huisdiere kwaad doen nie en dat die rotte ook nie daarvoor agterdogtig word nie.

Die gif is duurder as ander soorte rottegif, maar mnr. Russell meen dat dit op die lange duur meer lonend as ander gifstowwe sal wees.

# Sal „Premier" Stalin Weer Besoek

**Een van Winston Churchill se eerste dade indien hy die verkiesing in Brittanje wen, sal wees om met Stalin te gaan gesels, het Churchill se partygenoot, Richard Stanley, gesê. Churchill sal poog om vriendskap te bewerkstellig tussen Rusland en Brittanje se leiers, het hy gesê en daaraan toegevoeg dat die Arbeidersparty dit nie kan doen nie omdat hulle deur die Russe afgejak is, terwyl Churchill reeds vriende gemaak het met Stalin.**

# Weer in Londen

**Mnr. Eric Louw, minister van Ekonomiese Sake, is weer in Londen waar hy samesprekings met Engeland en ander dominiums hou in verband met grondstowwe en produksie.**

Kotzé

Kan met tr...
aanspraak maa...
dat sy kliënt...
onder die be-
geklede klasse te...

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

# BRITTE BETAAL VIR HUL SWAK STELSEL

**Mnr. Clement Attlee, die eerste minister van Brittanje, het aangekondig dat 'n algemene verkiesing gehou sal word op 25 Oktober. Die huidige regering is op 23 Februarie 1950 verkies met 'n meerderheid van sewe lede. Daar is toentertyd aangekondig dat dit die naelskrapste oorwinning is wat in honderd jaar in Brittanje behaal is. Voor die verkiesing was die stand van die partye: Arbeiders 390; Konserwatiewe 194; ander 56. Die verkiesing het die posisie van die regering soos volg verswak: Arbeiders 313; Konserwatiewe 296; ander 12. Die verwagting is dat die Konserwatiewe Party die komende verkiesing sal wen en boonop in staat sal wees om met 'n veilige meerderheid van 20 of 30 te regeer.**

In sy radiotoespraak waarin Attlee die datum van die verkiesing bekendgemaak het, het hy gesê: „Vir agtien maande het die regering die sake van die land behartig met 'n baie klein meerderheid. Ek beskou dat die tyd nou aangebreek het om die kiesers vir 'n vernuwing van vertroue te vra . . . "

Lord Woolton, voorsitter van die Konserwatiewe Party het verklaar: „Ek is vol vertroue oor die uitslag van die verkiesing. Die volk het die verkiesing nodig en die Konserwatiewe Party verwelkom dit."

Net soos hulle met die vorige verkiesing gedoen het voorspel die Britse koerante hierdie keer weer 'n „bittere verkiesingstryd" tussen die twee groot partye.

Dit word berig dat Churchill sy skadu-kabinet bymekaar geroep het om die verkiesingsmanifes van sy party op te trek, en dat die Arbeidersparty nie gebruik gaan maak van die reeds opgestelde beleidsverklaring: „Ons Eerste Plig—Vrede" nie, maar 'n manifes gaan uitvaardig wat oor alledaagse sake sal handel.

### TAKTIEK

Volgens berigte het Attlee besluit om nou 'n verkiesing uit te skryf ten einde te verhoed dat hy later gedwing mag word om dit te doen as gevolg van 'n neerlaag in die parlement. Vandag kan hy nog self sy datum kies en na die kiesers gaan as hoof van die regering wat slegs om 'n vernuwing van vertroue vra. Later mag dit miskien gebeur dat Churchill die datum van die verkiesing kan bepaal en dat Attlee as hoof van 'n verslane regering na die volk moet gaan.

Daar is egter ontevredenheid in sommige kringe van die Arbeidersparty omdat Attlee so lank voor die tyd die datum van die verkiesing aangekondig het. Die ontevredenes wou hê dat die datum vir die teenparty voorasnog 'n geheim moes bly sodat die Arbeidersparty in die stilte kan voorberei en sodoende 'n voorsprong oor hul teenstanders kan behaal.

### POLITIEKE KRISIS

Die verwagting is dat die verkiesing wat aanstaande is die „politieke krisis" sal verwyder wat in Brittanje ontstaan het na die uitslag van verlede jaar se verkiesing. Toe het die regeringsparty so 'n skrale meerderheid gekry dat dit duidelik was dat die regering nie die volle termyn van vyf jaar sou kon aanbly nie. Die vraag, wat op alle gebiede onsekerheid laat heers het, was: hoe lank sal die regering hou? Hierdie tydelikheid van die regering het Brittanje vir die afgelope agtien maande in die dilemma van 'n politieke krisis gehou. Die uitslag van die komende verkiesing moet nou die krisis verwyder.

**Dit is interessant om daaraan te dink dat sodanige politieke krisis nooit in die voormalige Boere-republieke sou kon ontstaan het nie. Die republieke was partylose state terwyl in Brittanje die partystelsel in swang is. En dit is die rede.**

### REPUBLIKEINSE STELSEL

Die Boere het uitgegaan van die standpunt dat die hele volk en nie net party van die volk nie, verantwoordelik moet wees vir die landsbestuur. Die hele volksraad was die volk se regering. Daar was nie 'n regering en 'n opposisie binne die volksraad nie. Daar was derhalwe in die republieke nie sprake van 'n klein of 'n groot meerderheid vir die regering nie. Die regering kon gevolglik nooit so 'n klein meerderheid hê dat die onsekerheid van sy voortbestaan 'n „politieke krisis" kan veroorsaak nie. Die volksraadslede het vryelik elke wet òf aangeneem òf verwerp sonder dat daaroor ooit 'n krisis kan ontstaan.

Onder die Britse partystelsel daarenteen regeer net party van die volk op 'n keer. Die res is dan in opposisie. Wanneer die opposisie egter amper net so sterk soos die regering is, ontstaan daar vanselfsprekend 'n krisis, waarvoor die volk moet betaal, enersyds in terme van die regering se daadloosheid en andersyds in harde kontant. Albei ondervind die Britte tans.

### GROOT KOSTE

Die koste wat verbonde is aan 'n algemene verkiesing is geweldig groot. Die jongste verkiesing, agtien maande gelede, het van staatsweë driekwart-miljoen pond gekos. Dit sluit in die drukkoste van stembriefies, ens. Maar dit is gladnie al nie. Die koste wat kandidate in hul stryd opgeloop het is geskat op meer as vier miljoen pond. En hierdie geld kom ook maar uit die volk se sak—ten minste uit die sakke van diegene wat lede is van die deelnemende politieke partye. Dit beteken dat 'n verkiesing vyfmiljoen pond uit die sakke van Britse kiesers haal. Normaalweg geskied dit elke vyf jaar. As die land in 'n politieke krisis verkeer kan dit selfs elke ander-halfjaar geskied.

### OORSAAK

Sir Oswald Mosley se beweging wyt die agteruitgang van die Arbeidersparty aan die partyleiers se stryd teen industriële kapitalisme inplaas van teen die finansiële kapitalisme. Hy het die saak soos volg opgesom:

**Die stryd teen die uitbuiting van die nywerheidsbase is grotendeels klaar gewen, nie deur die partypolitiek nie, maar deur die vakbonde op nywerheidsgebied. Maar intussen het 'n nuwe, gevaarlike vyand verskyn. Hy is die geldman — die magtige geldskieter van ons tyd. Dit is die nuwe vyand wat 'n onsigbare en naamlose mag uitoefen, wat regerings kan verniętig, en bondels ondraaglike skuldlaste op die rug van volke kan laai. Die blad sê dat die Arbeidersregering hierdie vyand verontagsaam en 'n uitgediende stryd voer teen mak nywerheidsbase. Dit is die flater wat die regering laat aansteier na nederlaag.**

Mosley se blad is ongetwyfeld reg. Maar wat waar is van die Arbeidersparty is dubbel waar van die Konserwatiewe Party. Want hoewel die Arbeiders die magtige geldman links lê het die Konserwatiewe Party hom immers as bondgenoot aanvaar.

# REPUBLIKEINSE ORGANISASIE

(vervolg van bladsy 1 kolom 5)

„Ek wil niks afdoen aan die rol wat die koningskap speel by sommige lede van die Statebond nie, maar ek wil tog sê wat betref die koningskap in Engeland — waar die koning hoof is van die staat, waar hy gedurig onder sy volk verkeer, waar hy gedurig met hulle in aanraking kom en met hulle in alle opsigte een is — die band daar en die band elders verskil van mekaar . . . **Daar is nie net een band (die band van die koningskap, van ‚common allegiance') wat die Statebond aanmekaar hou nie. Daar is ander bande ook, die wat ek hier genoem het so ewe, sterker bande as die band van die koningskap, en ek dink hierdie verloop van sake het dit ten duidelikste bewys. Ek wil net hiermee afsluit: Wat hier gedoen is (Indië se „republiekwording".—Red.) is nie tot verbreking van die Statebond nie. Wat gedoen is, is gedoen tot opbouing van die Statebond, tot behoud van die Statebond in sy eenheid en in sy mag, en die indruk wat die wêreld dus sou gekry het en ongetwyfeld gekry het, is nou verwyder, nl. dat die Statebond besig is om te verbrokkel. Die eenheid van die Statebond, en daarmee sy krag en sy mag in die wêreld, is behou geword en ek wil sê hy is versterk geword."**

### VERSTERKING VAN EMPIRE

As dr. Malan dus praat van 'n republiek met verbreking van die koningsband, beteken dit nog lank nie 'n republiek afgeskei van die Britse Statebond nie. **Inteendeel, dr. Malan sien daarin juis 'n versterking van die Statebond.**

**Dit is die eerste rede waarom die Ossewabrandwag voel dat hy nie kan berus by 'n blote republikeinse klousule in die program van een of ander party nie. Die ideaal moet suiwer gestel word, of daar kom stilstand en selfs agteruitgang, soos bewys word uit 'n uitlating van mnr. Dolf de la Rey, elders in hierdie uitgawe.**

**As mens eers die Britse vryheid in een of ander vorm aanvaar as eindideaal, slaan selftevredenheid by republikeine naderhand selfs oor in vyandskap teen mede-Afrikaners wat nog verder dwing.**

### MOET WERK

Die tweede rede waarom die Ossewabrandwag die noodsaaklikheid van 'n republikeinse organisasie beklemtoon is omdat niks bereik word sonder inspanning nie. **As daar nie aanhoudend propaganda gemaak word vir die republiek nie, kan die koms van die republiek nooit aanbreek nie.** Ons kan nie dit aan die Britse regering alleen oorlaat om die republiek te bevorder deur hul optrede nie. Dit is die taak van elke republikein om die idee nie net brandend te hou nie, maar ook te verbrei, en nie net onder Afrikaners nie, maar ook Engelssprekende Suid-Afrikaners. **Anders, hoe sal dr. Malan ooit daardie ja-woord van 'n „veilige meerderheid" van die volk kry?**

### 'N VOLKSAAK

**Die derde rede vir 'n republikeinse organisasie is omdat dr. Malan self erken dat die verkryging van 'n republiek nie 'n party-saak is nie.** Dit sal nooit langs die weg van 'n gewone verkiesing verkry word nie, maar slegs by wyse van 'n spesiale volkstemming, en dan ook maar net wanneer die party aan bewind meer as seker is dat die uitspraak ja sal wees. **As dit nie langs die gewone party-weë sal of mag geskied nie, spreek dit vanself dat die republiek nooit deur die party voorop in sy propaganda gestel sal word nie. Waarom sal hy? 'n Party verkies om te veg oor die dinge wat stemme bring, en hy het nòg tyd nòg lus om dinge by te sleep wat nie van aktuele betekenis vir die algemene verkiesing is nie. Dit is dan ook daarom dat die republiek telkemaal voor 'n verkiesing in die yskas beland.**

Daar is dus 'n nie-partypolitieke organisasie nodig om die republiek, wat 'n nie-partypolitieke aangeleentheid is, te propageer en sy koms te verhaas deur die volksgedagte daarvoor ryp te maak.

## Het Nie Sitting Op Grootraad

**Dit blyk dat daar by sommige offisiere onduidelikheid bestaan oor die vraag of hoofkommandante sitting het op die Grootraad. Hoofkommandante het geen sitting op die Grootraad nie, maar hoofkommandantes (dit wil sê vroue-skakeloffisiere) het wel sitting.**

**Slegs in die geval waar 'n generaal nie kan gaan nie kan hy 'n hoofkommandant afvaardig in sy plek.**

# GROOT WINSTE VAN SAKE ONDANKS HOË LEWENSDUURTE

**Briefskrywers in die Cape Times, wat kla oor die stygende pryse van lewensbehoeftes betreur terselfdertyd die skynbare onvermoë van regerings om die verbasende winste van sommige nyweraars aan bande te lê.**

**Dr. Robert Forsyth skryf dat die winste van 'n sekere maatskappy gestyg het van £105,000 in 1943 tot £233,000 in 1947. Die aandele het gestyg van 75 sjielings tot 130 sjielings. „Dit is derhalwe geen wonder nie dat baie Engelssprekendes heeltemal onverskillig was oor die neerlaag van die Verenigde Party en dat hulle òf buite stemming gebly het òf vir die Nasionale Party-kandidaat gestem het . . .**

„Was mnr. Eric Louw dan nie vol vertroue dat hy die stygende lewensduurte doeltreffend sal bekamp nie? Daarom het hulle gesê: Gee hom 'n kans. Hy het dit gekry, maar die winste van sommige nyweraars hou maar aan met styg. **Die winste van die bogenoemde maatskappy was £290,000 in 1949. Die tiensjieling-aandele verkoop nou teen 177 sjielings en die diwidend is 9/6 per aandeel! Trouens, die winste van een Natalse suikeronderneming het gestyg van £180,000 tot £409,000, terwyl die prys van suiker nog 'n keer verhoog is."**

### OLIE EN PETROL

'n Ander leser, L. S. C. (Vishoek) bevestig dr. Forsyth se gevolgtrekkings. Hy skryf: Voor my lê die uitgawe van die Londense Everybody's Weekly van 25 Augustus. Hier is 'n aanhaling daaruit: ‚Die hoogste prys wat die aandele van die Calgary and Edmouton Corporation Ltd. in 1942 op die Londense aandelebeurs behaal het was 3/9. **In 1947 het dit gestyg na 13/3. In Februarie vanjaar is dit verkoop teen 57/6. Die heersende prys is 117/-.' Dit beteken dat die aandele van hierdie oliemaatskappy in nege jaar dertigvoudig gestyg het. Geen wonder dat die prys van petrol gedurig verhoog word nie."**

Hierdie leser verwys met lof na Hugh Dalton, Britse minister van Stads- en Plattelandse beplanning, se versoek aan huisvroue om nie klere en tekstielware te koop voordat die pryse verminder is nie. **Hoewel sommige sakeondernemings boos is het 'n groot onderneming in Birmingham die pryse van pakke klere met 25 persent verminder. Ons voel dat die pryse te hoog is, het 'n direkteur gesê.**

### GROTES LOOP VRY

Ten slotte skryf die leser: „Met betrekking tot winsbejag kom dit my snaaks voor dat die klein handelaar swaar beboet word omdat hy 'n pennie te veel vra vir 'n pakkie beskuit-

(vervolg in kolom 5)

(vervolg van kolom 4)

jies terwyl diegene wat sake op groot skaal doen nie gehinder word nie. Daar is bv. geen beheer oor die pryse van huise en grond nie. En dit is juis ten aansien van hierdie dinge dat so baie mense ten gronde gaan meer bepaald jonggetroude pare wat huis gekoop het en vind dat hulle nie die paaiemente daarop kan volhou nie. Dit lyk vir my dat die hele kostevraagstuk amptelik en noukeurig ondersoek moet word sodat die ware oorsake aan die lig gebring en uit die weg geruim kan word vóórdat 'n ekonomiese katastrofe ons oorval."

**„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.**